



Kontak-kring

Kleingroepriglyne

DAAR & DAN

kontak met God se Storie

Aanvaar mekaar.

Romeine 14: 1-12

2. Kontak met God

Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om God se teenwoordigheid te simboliseer. Plaas dit in die middel van die groep.

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Laat iemand Eksodus 15: 1-11 as 'n lofgebed hardop lees. Julle kan daarna ook 'n loflied saamsing (Bv. Lied 184 in die Liedboek)

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings van die afgelope week. Dank God daarvoor.

3. Kontak met die Woord

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan Romeine 14: 1-12 en gesels oor die volgende.

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

1. Kontak met mekaar

Aankoms, verwelkoming en verversings.

Ysbreker

Verduidelik hoe Blou Bul en Stormers ondersteuners mekaar beoordeel.

HIER & NOU

kontak met myself & Godstories

Probeer om in julle eie woorde saam te vat waaroor hierdie teksgedeelte gaan.

Hoe sien julle die problematiek wat Paulus aanspreek in ons tyd en gemeentes afspeel? Wat kan ons by Paulus leer?

Paulus noem 4 redes hoekom ons gelowiges wat van ons verskil moet aanvaar. Kyk of julle dit kan uitlig.

Paulus (en Jesus) sê dat ons nie mense moet oordeel nie. Hoekom dink julle is ons so geneig om te oordeel? Wie is die mense wat in ons tyd gereeld geoordeel word?

VERDER & VOOR

kontak met mekaar & ander

Dink aan die mense met wie jy elke dag te doen kry. Wie is die mense wat jy geneig is om te oordeel? Met Paulus se raad in gedagte - help mekaar om maniere te vind om op te hou om hulle te oordeel.

Vir die Begeleier

Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam. Dis altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.

Pitkos: As begeleier van die groep – wees beskikbaar, arriveer vroeg en bly tot laaste.

Bedien Mekaar

kontak deur gebed

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf. Sluit af met gesamentlike gebed. Dra die gebedsversoeke aan God op. leef. Dank God daarvoor dat Hy ons almal ewe liefhet. Vra dat Hy ons sal help om mekaar en ander nie te oordeel nie.